

6 Augustus

Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:30-40 (OAV)

Fokusgedeelte: Deuteronomium 4:32

Bly getrou aan die enigste ware God

Die vierde boek van Moses bevat die laaste toesprake van Moses aan die volk Israel (1:1), waarin hy hulle opnuut gaan herinner wie hulle is en wat hulle roeping en taak is as hulle die beloofde land ingaan.

In ons Skrifgedeelte roep Moses die volk op om nooit die groot daad van God in hulle geskiedenis te vergeet nie (vs 32). Die HERE het Homself aan hulle geopenbaar deur met hulle te praat (vs 33). Die HERE het deur "groot, skrikwekkende daad" sy volk uit Egipte verlos (vs 34). Die HERE het sy heilige wet aan hulle by die berg Sinai geopenbaar, om hulle daardeur te onderrig (vs 35). Die HERE het hulle as volk uitverkies (vs 37).

Hoekom het die HERE dit alles gedoen? Omdat die volk dit verdien het, en beter as al die ander volke is? Nee, intendeel (Deut 4:7). Hy doen dit omdat Hy 'n barmhartige God is wat trou bly aan sy verbond (vs 31), omdat Hy sy volk liefhet (vs 37) en sodat die volk moet weet "daar is geen ander buiten Hom nie" (vs 35), dat Hy alleen God is!

Daarom moet die volk nie twyfel as hulle in nood verkeer nie, maar terugkeer na die HERE, hulle God (vs 30) en sy "insettinge en sy gebooihou" sodat "*dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan, en dat jy die dae mag verleng in die land wat die HERE jou God jou vir altyd sal gee*" (vs 40).

In ons nood moet ons ook terugkyk na God se groot daad in die Bybel en ons geskiedenis, met die troos dat Hy altyd getrou bly, ook vandag nog! Die poorte van die doderyk sal *nooit* die kerk van Christus oorweldig nie (Matt 16:18)! Laat ons daarom getrou bly aan die enigste ware God, in dankbare liefde sy gebooihou onderhou en ons nageslag van die ewige genadeverbond leer, dan sal dit met ons ook goed gaan, selfs in die donkerste nag!

Sing: Psalm 78:1-4 (1936-beryming)

Ds S le Cornu (Carletonville)